16 Oktober **Skrifgedeelte: Eksodus 22:1-15; 23:2-5**

Respekteer ander se eiendom

Hierdie gedeeltes omskryf die agtste gebod naamlik dat ons nie mag steel nie. Die toepassings maak dit duidelik dat hierdie gebod veel dieper sny as diefstal. God wil dat ons ook die eiendom wat Hy aan ons naaste se rentmeesterskap toevertrou het moet respekteer.

Mense gaan dikwels baie onverskillig met geleende of gehuurde goed om en is dan geneig om net skouers op te trek indien dit beskadig word. Deur sy voorskrifte leer God ons egter dat ons op dieselfde wyse verantwoordelikheid moet aanvaar vir ander se goed as vir ons eie. Indien dit my skuld is dat die geleende ding gebreek het of beskadig is, behoort ek die eienaar daarvoor te vergoed. Net só moet ek vergoed indien my naaste se eiendom, al is dit onopsetlik, beskadig word deur my nalatigheid. Die voorbeeld word gegee van beeste of ‘n vuur wat ‘n buurman se oes beskadig (Eks 22:5,6). Dieselfde beginsel geld vir daardie krieketbal deur ‘n venster, of die stamp teen ‘n geparkeerde motor. Ons mag nie maar net wegry en maak asof niks gebeur het nie. As dit my skuld is, moet ek die verantwoordelikheid aanvaar.

Dit is egter nie al nie. God wat in sy genade vir ons seëninge in die hemel berei het toe ons nog sy vyande was, eis dat ons ook ons vyande se eiendom sal respekteer. Optelgoed is nie hougoed nie, selfs al is dit my vyand s’n. En al haat daardie persoon wie se donkie so swaar aan sy vrag dra my, moet ek hom nogtans gaan help (Eks 23:4,5).

Sing: Psalm 119:36 Ds HB Hattingh (Amanzimtoti)